Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Die Hoërskool Wonderboom

Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 25 Januarie 2019

1. BESOEK AAN DIE SKOOL:

Alle ouers/voogde wat die skool besoek, moet asseblief by die Algemene Kantoor rapporteer. Die veiligheid van die leerders is ons eerste prioriteit en daarom vra ons dat geen besoeker saam met sy/haar kind na die klas stap nie. Besoekers kan ook nie personeel in hul klasse besoek, sonder 'n afspraak nie.

2. TOPPRESTEERDERS - AKADEMIE:

Tydens die Lourieraand van Woensdag, 16 Januarie 2019, is die volgende leerders as toppresteerders in hul onderskeie grade aangewys. Baie geluk.

Graad 8 (2018):	Amoné Wilkens	92,19%
Graad 9 (2018):	Charlene Fourie	88,88%
Graad 10 (2018):	June Flint	82,48%
Graad 11 (2018):	Tasha Pieterse	86,82%



3. VAKVERANDERING – GRAAD 10:

Volgens wetgewing kan Graad 10-leerders vakke verander. Ons bied aan die leerders geleentheid om vakke te verander tot Maandag, 28 Januarie. Die vakverandering sal dan sluit. Daar sal later weer vir dié leerders geleentheid wees om vakke te verander, maar die leerders moet eers toetse in die vakke skryf.

4. GROENTJIEKONSERT:

Op 23 en 24 Januarie het die Graad 8-Kruidjie-roer-my-nies vir 'n baie mooi Groentjiekonsert gesorg. Hulle was werklik fantastiese "Showman" en "Showwomen"! Welgedaan!

5. TOETSE-VRYDAE:

Die KABV-dokument vereis in verskeie vakke dat daar die kwartaal 'n toets moet plaasvind. Die vakke het meer as een kombinasie, wat dit moeilik maak om die toetse in klastyd te skryf en steeds die regverdigheid van die toets te waarborg, indien die toets in verskillende klasperiodes geskryf word. Ten einde die probleem op te los, is die volgende toetse op Vrydae geskeduleer:

DATUM	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
15 Februarie	Geografie	Fisiese Wetenskappe	Toerisme
22 Februarie	Fisiese Wetenskappe	Besigheidstudies	Fisiese Wetenskappe
8 Maart	Toerisme	Rek	Geografie

6. HANDBOEKE EN HUISHEMPIES:

Baie dankie vir die ouers wat skriftelik 'n reëling gemaak het om die handboek-gebruikersfooi en/of die huishempie eers teen die einde van die maand te betaal. Graag wil ons al die finansies teen die begin van Februarie afhandel én so verseker dat alle Wonnies handboeke en huishempies het.

7. HUISWERKSENTRUM:

Daar is 'n behoefte aan 'n gestruktureerde leeromgewing (na skool) vir ons leerders. Weens vervoerprobleme is baie leerders genoodsaak om tot laat in die middag by die skool te vertoef. Die huiswerksentrum bied 'n stil en rustige omgewing waar leerders by 'n tafel kan sit en op hul tyd hul huiswerk kan doen. Daar is te alle tye 'n onderwyser teenwoordig om toesig te hou. Die huiswerksentrum is van Maandae tot Donderdae (14:00 – 16:00) in die Mediasentrum. Daar is géén kostes hieraan verbonde nie. Let egter op dat dit nie 'n naskoolsentrum is nie en dat leerders stil en onder toesig, op hul eie, huiswerk doen. Kontak gerus me. H Holland-Müter vir verdere navrae.

7. VAT-HANDE-PROJEK:

Verskeie Wonnie-huisgesinne beleef tans groot finansiële uitdagings en het werklik 'n behoefte aan kos en nie-bederfbare produkte. Ten einde die behoefte te probeer aanspreek, is die Vat-hande-projek begin. Ons vra u as ouer se ondersteuning. Aan elke klas is 'n produk toegeken (Leerders sal 'n skrywe in die verband ontvang) en op 1 Februarie wil ons kyk hoeveel van dié produk elke klas kan insamel. Dié insamelings gaan help om ons koskas weer vol te maak, wat gebruik kan word om in dié gesinne se behoeftes te probeer voorsien.

8. SKOOL – ROOKVRYE GEBIED:

Ons vra u as ouers/besoekers se ondersteuning om nie op ons skoolterrein te rook nie. Volgens wetgewing is die skool is rookvrye gebied. Enige persoon wat op die skoolterrein rook, sal gevra word om die terrein te verlaat.

9. GHOLF-DAG:

Die Hoërskool Wonderboom bied op 1 Maart 2019 'n Gholfdag by Akasia-Gholfbaan aan. Boek gerus nou al u 4-bal teen R1200.00 of R300 p.p. Daar is ook die geleentheid om u besigheid te adverteer deur 'n putjie te borg teen R3000.00 (Dit sluit 'n 4-bal in). Ten einde van die dag 'n kolhou-dag te maak, vra ons ook enige borge in die vorm van pryse/skenkings. Kontak gerus mnr. Janse van Rensburg by 012 335 6806 (Uitbreiding 126) vir verdere navrae.

10. REDENAARS-INSKRYWINGS:

Redenaars-inskrywings open op Maandag, 28 Januarie, by me. T Jacobs in O7.

M LEZAR
SKOOLHOOF